Eiendomsake

Sekere ontwikkelings kry wel 100%-lenings

Altesame 70% van Riverspray al verkoop

Elma Kloppers, Johannesburg

Banke se aptyt vir uitleen is besig om te verbeter en 100%-verbandlenings raak meer algemeen, maar net vir sekere ontwikkelings.

Een van dié ontwikkelings is die Riverspray Lifestyle Estate, 'n bekostigbare residensiële ontwikkeling van R200 miljoen op die wal van die Vaalrivier, aan die stedelike randgebied van Vanderbijlpark.

Meer as 70% van dié ontwikkeling het in die huidige moeilike ekonomiese klimaat verkoop en 104%-verbandlenings is beskikbaar vir van die oorblywende wooneenhede en duplekseenhede, sê mnr. Wynand Haywood, hoofontwikkelaar van die projek.

Hy sê die finansieringsooreenkoms is grootliks omdat banke waarde sien in die ontwikkeling. Dit is een van die laaste ontwikkelbare stukke grond aan die Gauteng-kant van die Vaalrivier met toegang tot die rivier.

Die landgoed beslaan 48 ha wat oor 'n afstand van 500 m aan die rivier front.

Pryse van die wooneenhede begin op 'n uiters bekostigbare R549 000 en dié van die duplekseenhede op R899 000. Erwe kos vanaf R295 000. Riverspray, waar oordragte reeds plaasvind, sal teen voltooiing 'n klein dorpie op sy eie wees met die klem op sekuriteit en leefstyl.

Van die voltooide wooneenhede in die Riverspray-leefstyllandgoed op die oewer van die Vaalrivier.

Hy sê die kopers is meestal mense wat permanent daar wil woon, maar daar is ook beleggers wat koop om te verhuur vanweë 'n sterk vraag na huurhuisvesting in die gebied. Interessant genoeg is daar 'n klomp watersportentoesiaste wat van die geleentheid gebruik maak om in 'n bekostigbare ontwikkeling met toegang tot die rivier te belê en die geleentheid om 'n boothuis te kan koop vir vanaf R60 000.

Altesame 16 ha gaan aan private ontspanningsgebiede gewy word. Onder die geriewe tel 'n mini-gholfbaan met ses putjies, vyf damme, 'n rugbyveld, tennisbane, swembaddens, hardlooproetes en braaigebiede. Haywood sê van die 2 000 bome wat vir die landgoed beplan word, is meer as 700 reeds geplant.

Me. Petra Stuart van Stuart River Estates, wat al 28 jaar eiendomme by die Vaalrivier verkoop, sê nadat die mark vir so agt maande relatief stil was, is daar die afgelope drie maande 'n oplewing in die gebied. Sy sê veral kontantaankope het toegeneem en sy het onlangs drie kontanttransaksies van onder meer R13,5 miljoen, R3,5 miljoen en R1 miljoen beklink.

Sy meen verkopers is deesdae meer realisties met markverwante pryse en noem dat die meeste van die verkopers in die Vaalrivier-gebied nie onder druk is om te verkoop nie.

Sy beskryf die Vaalrivier-omgewing as 'n unieke nisbestemming waar bekostigbare eiendom binne 'n veiligheidsontwikkeling al hoe skaarser gaan word.

Sake-nuus

'n Kunstenaarsvoorstelling van die Rezidor-groep se Radisson Blu Abudja-hotel in Nigerië.

Rezidor brei uit met drie nuwe hotelle in Nigerië

Die Rezidor-hotelgroep is besig om sy teenwoordigheid in Afrika aggressief uit te brei met planne vir drie nuwe hotelle in Nigerië.

Dié hotelle is die Radisson Blu Hotel Victoria Island in Lagos met 250 kamers, die Radisson Blu Hotel Abudja met 200 kamers en die Park Inn Abudja met 125 kamers.

Dit bring die groep se portefeulje in Afrika op meer as 30 hotelle te staan met 7 500 kamers en bevestig die groep se posisie as een van die voorste hoteloperateurs op die vasteland, sê mnr. Kurt Ritter, president en uitvoerende hoof van Rezidor.

Mnr. Andrew McLachlan, Rezidor se adjunkpresident vir sake-ontwikkeling in Afrika en die Indiese Oseaan-eilande, sê Nigerië se planne vir ekonomiese uitbreiding gegrond op toerisme en buitelandse regstreekse investering in onder meer die olie-, gas- en mynboubedryf, het 'n geleentheid geskep in die gasvryheidsektor.

"Beleggers met die finansiële en bestuursvermoë gaan na verwagting die geleentheid aangryp om reisigers na Nigerië te huisves," sê hy.

Hy sê die groep werk saam met Nigeriese ontwikkelaars en beoog om die hotelle as die beste hoteladresse in Abudja en Lagos te bevorder.

Al drie hotelle sal na verwagting in 2012 hul deure open.

Saaklik

Didata verwag goeie resultate

Die inligtingstegnologie-maatskappy Dimension Data sê hy verwag goeie resultate in die tweede helfte van sy huidige boekjaar.

Didata het eergister 'n tussentydse verslag vir die drie maande tot einde Junie vrygestel.

Terwyl omset vir dié derde kwartaal 12% swakker is as in die ooreenkomstige periode in 2008, sê die maatskappy gegewe die heersende markomstandighede, is die resultaat besonder positief.

Die maatskappy sê sy afdelings in Afrika, Europa en Australië lewer steeds groei terwyl sy Amerikaanse afdeling in die heersende marktoestande sukkel.

Die maatskappy se jaareinde is 30 September.

Capitec-verdienste 35% tot 55% hoër

Capitec verwag in dié stadium dat sy vergelykbare verdienste en wesensverdienste per aandeel in die jongste boekjaar tussen 35% en 55% hoër kan wees as in die vorige boekjaar.

Die resultate vir die boekjaar tot einde Augustus word op of naby 30 September uitgereik. Dié verwagte groeisyfers is nog nie geoudit nie.

'n Voetganger met 'n masker wag gister om 'n straat in die sentrale sakekern van Kuala Lumpur in Maleisië oor te steek. Maleisië het die prys van maskers vasgemaak om te voorkom dat handelaars pryse opblaas vanweë die vraag na maskers te midde van die H1N1-virus (varkgriep). 'n Amptenaar van die binnelandse handelsministerie het gesê handelaars word beperk tot 'n prys van 7 sen (sowat $0,02) vir 'n enkellaag- chirurgiese masker. Altesame 67 mense in Maleisië is reeds dood aan varkgriep. Meer as 4 760 mense is besmet. Foto: MARK BAKER, AP

HP en Nyda help om werk te skep

'n Program wat deur die National Youth Development Agency (Nyda), voorheen die Umsobomvu Youth Fund, en Hewlett-Packard (HP) aangebied word, het reeds vir die opleiding van 207 jongmense en vroue in inligtingstegnologie gesorg.

Die Graduate Entrepreneurship Training through IT-program (Get-IT) is in 2007 gestig om werkloosheid teen te werk. Individue word van die nodige opleiding in inligtingstegnologie voorsien sodat hulle die werkplek kan binnegaan of hul eie ondernemings kan begin.

Enkele van die opleidingsentrums wat HP wêreldwyd opgerig het, is by Nyda se kantore in Pretoria en in Kaapstad geleë. Soortgelyke kantore is in Nigerië, Frankryk, Israel, Marokko, Kenia, die Verenigde Koninkryk en Uganda.

HP finansier die projek, terwyl Nyda die nodige infrastruktuur en mensehulpbronne vir opleiding en vir projekbestuur voorsien.

Me. Lindiwe Mpiyane, 'n opleier by die Nyda-sentrum in Pretoria, sê luidens 'n verklaring die inisiatief gaan 'n lang pad stap om werkloosheid teen te werk. Nyda is ook hoopvol dat die ondervinding wat nou opgedoen word, sal help met die oprig van verdere sentrums in ander provinsiale kantore.

Brakpan-kantoor van SAID sluit

Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) gaan sy Brakpan-kantoor sluit en dit by sy nuwe, uitgebreide kantoor in Springs inlyf.

Die kantoor sal op 28 Augustus sluit en al die hulpbronne en personeel sal van 31 Augustus in die Springs-kantoor ontplooi word.

Dit is deel van die SAID se pogings om koste te bespaar. Volgens die SAID behoort die besluit belastingbetalers nie te erg te verontrief nie omdat die twee kantore slegs 8 km van mekaar is.

Die Springs-kantoor is in die Sanlamgebou in 7de Straat.

Skryf aan Sake24

Sake24 publiseer gereeld briewe van lesers. Pos briewe na Posbus 333, Auckland Park, 2006 of stuur 'n e-pos na sake@sake24.com.

Fokus op beleggings in die landboubedryf

SA landbou beleef geil groei in vele fasette

Johann van Zyl, Johannesburg

Te oordeel na die buitengewone winsgroei van landbou- en landbouverwante sake-ondernemings en nuwe beleggings in die landboubedryf is dié bedryf besig om nuwe momentum te kry.

Volgens die jongste ekonomiese oorsig van die departement van landbou se direktoraat landboustatistieke het die waarde van kapitaalbates in die landboubedryf verlede jaar met 12,4% tot R196 miljard toegeneem – ondanks die uitdaging van onvoltooide grondhervorming wat steeds oor basiese landbouproduksie hang.

Selfs die bruto belegging in grond en vaste verbeteringe het R3,8 miljard vir die jaar bedra, wat 5,6% meer is as in die vorige jaar.

"Dit is 'n blomtydperk vir dié bedryf," sê dr. John Purchase, uitvoerende hoof van die Landboubesigheidskamer (LBK). "Verlede jaar was die beste jaar tot nog toe vir Suid-Afrikaanse landbou. Bruto kommersiële landbouproduksie het sowat R127 miljard bedra, 35% hoër as in die vorige jaar."

Goeie produsentepryse van gemiddeld 14,3% hoër as in 2007 het heelwat tot dié verbetering bygedra, maar die volume van landbouproduksie was ook 11,9% hoër as in die vorige jaar.

Volgens mnr. Ernst Janovsky, hoofbestuurder van Absa se landbou-afdeling, bly die landboubedryf een van die bedrywe met die heel grootste onregstreekse bydrae tot die ekonomie, selfs al wissel sy regstreekse bydrae tussen minder as 3% en 4%.

Hy meen die onregstreekse bydrae kan tot 32% wees vanweë die bedryf se interaksie met vele ander.

Me. Ellen Matsei, direkteur: landboustatistieke van die departement van landbou, bevestig in haar oorsig oor die jongste statistieke dat die landboubedryf baie sterk skakels met verskaffers van onder meer kunsmis, chemikalieë en landboutoerusting soos implemente het, en uiteraard met verwerkers. "Sowat 70% van landbouproduksie word verwerk en landbou is daarom 'n belangrike groeienjin vir die res van die ekonomie."

Mnr. Kevin Lings, ekonoom van Stanlib, wys in sy jongste ekonomiese oorsig daarop dat die voedselsektor die afgelope kwartaal die enigste van tien sektore in die vervaardigingsektor was wat 'n positiewe bydrae gelewer het.

Landbou- en verwante ondernemings deel in die voorspoed van die primêre landboubedryf. Mnr. Kobie Bekker, PricewaterhouseCoopers se afdelingshoof vir landbou-ondernemings, sê in sy jongste prestasie-opname van dié ondernemings dat hul omset verlede jaar gemiddeld met 38% en wins met 37% toegeneem het.

Afgri, 'n voormalige koöperasie wat in 1996 genoteer is, het byvoorbeeld in sy halfjaartydperk tot einde Desember verlede jaar omsetgroei van 18,5% en groei in sy voorbelaste wins van 64,3% bekend gemaak. Sy jaarresultate tot einde Junie sal binnekort bekend en waarskynlik 'n rekord wees.

Mnr. Rod Humphris, besturende direkteur van die kunsmisverskaffer Omnia, sê sy maatskappy se uitstekende prestasie in sy boekjaar tot einde Maart vanjaar, waarin hy sy omset met 51% vergroot het en sy netto wins 50% hoër was op R491 miljoen, was grootliks aan sy uitstekende landbou-jaar te danke.

"Landbou, tradisioneel die basis vir alle ekonomiese aktiwiteit, beklee 'n nuwe plek van belang in vandag se wêreldekonomie."

Mnr. Rod Humphris, besturende direkteur van Omnia.

Senwes, die groot ongenoteerde landboumaatskappy wat vanjaar sy honderdste bestaansjaar vier, het onlangs omsetgroei van 46% tot R11,2 miljard en winsgroei van 110% in sy boekjaar tot einde April bekend gemaak. Albei was nuwe rekords.

Hongersnood bedreig Sub-Sahara-Afrika ...

Nege uit 10 lande met die hoogste vlakke van honger is in Sub-Sahara-Afrika. Die aantal voedselbedreigde mense styg jaarliks met 26 persent!

Die gevaarligte flikker: groeiende onrus, protesoptogte, wydverspreide geweld soos massas die moontlikheid van hongersnood in die gesig staar.

... En Suid-Afrika kan 'n verskil maak

Landbou sal dit doen. Ons het die kundigheid. Ons het die grond. Ons kan voedsel produseer. Wat nodig is, is vir die gemeenskap, in vennootskap met die nuut-saamgestelde regering, om 'n omgewing te skep waarin volhoubare landbou kan floreer. 'n Stuwende landbou stuit honger en armoede; genereer meer werksgeleenthede as enige ander bedryf en stabiliseer 'n gemeenskap.

Met jaarliks 80 miljoen meer monde wêreldwyd om te voed gaan lande met die gesondste landbou-infrastruktuur die storms die beste trotseer.

Belê in Suid-Afrika
... Belê in Suid-Afrikaanse produkte
... Belê in ons landbou!

Praat met ons. Dit betaal.

omnia NUTRILOGIE*

**wetenskap vir groei*

Omnia Hoofkantoor: Omniahuis, Sloanestraat 13, Posbus 69888, Bryanston, 2021
Tel: +2711 709-8778 Faks: +2711 463-3020
www.omnia.co.za

B0133